DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

22 April 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Sb. 2-3: 1, 2 (32)	Sing vooraf	Ps. 130: 1, 2
Sing	Ps. 145: 1, 2, 10	Sing	Ps. 97: 1, 7
	Sb. 9-1: 1, 10, 11 (26)		Ps. 139: 1, 12
	Sb. 15-7: 1, 2 (43)		Sb. 2-1: 3 - 7 (19)
	Sb. 8-1: 1, 2 (14)		
Skriflesing	Matteus 5: 1-26	Skriflesing	1 Korintiërs 11: 17-34 HK Sondag 30 Vraag 81-82
Teks	Matteus 5: 17-20	Teks	1 Korintiërs 11: 28-29
Tema	**n Christen se geregtigheid**	Tema	**Wie mag nagmaal vier?**
Katkisasie-opening: Psalm 146: 1, 3			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Ontvang

- Ds JG Tredoux (Jacques) van Dendron/Magalakwin-kombinasie na Pretoria-Brooklyn as medeleraar

Beroepe Aanvaar

- Ds JG Tredoux (Jacques) van Dendron/Magalakwin-kombinasie na Pretoria-Brooklyn as medeleraar

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BYBELSTUDIE

Bellville (Afrikaans): Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 16:31 e.v. / Aand: Handelinge 17:24 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)
Rondebosch (Engels): geen bybelstudie tot einde Mei

HUISBESOEK

Wyk **Boston 2** (oudl. Piet Aucamp) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

HUIS BOLAND KERMIS – SATERDAG, 5 MEI

Huis Boland hou DV **Saterdag, 5 Mei om 09h00** hul jaarlikse kermis. Om hierdie fondsinsameling by te staan, versoek hulle donasies van gebak vir hul koektafel, hulp by die stalletjies en finansiële bydraes. Kaartjies vir die spitbraai (R60.00) of skaap-potjie (R50.00) is vooraf beskikbaar. By die kermis sal daar pannekoek, wit olifante, pasteie, konfyt, hoendersosaties, handwerk, vetkoek en vele meer te koop wees. Daar is ook 'n biertent met vermaak deur die sanger Kenny. Ondersteun asseblief hierdie geleentheid in groot getalle!

KATKISASIE

Daar sal volgende week geen klasse wees nie, aangesien dit 'n langnaweek is.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Lenie Joubert wat haar heup gebreek het en geopereer is. Sy sterk tans aan in Intercare Tygervallei.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: for the marriage officiated by Rev. Jooste of RCSS ward members Petrus and Claire Correia on April 13
Prayer: For Rev. Jooste's upcoming overseas trip (6-31 May) where he will meet with existing and potential donors in the USA, UK and the Netherlands. Please let Simon know if you have any contacts that he can add to his itinerary. Pray for a safe and fruitful trip.

OMGEWINGSAKE

Omgewingswelvaart is 'n besondere bate wat die mens se gesonde band met sy natuurlike erfenis weerspieël. Iets wesenlik om in jou godsdiens na te streef, omdat Christus middelaar van die ganse skepping is (Kol 1:16–20).

Hierin is die aanleer van selfbeheersing as 'n christelike deug so van belang omdat ons nie daarmee gebore word nie. Dit stuur nie net ons hartstogte langs regte bane nie, maar kweek ook 'n lewenstyl van besuiniging soos in die natuurskrif om ons. Dit mag nie net 'n skyn van die egte wees nie.

Die lankmoedige is beter as 'n held, en hy wat sy gees beheers as een wat 'n stad inneem
Spreuke 16:32

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Hiermee 'n bedanking aan elke lidmaat vir al die bystand tydens die kamp: voorbidding, vervoer, hulp met maak van gebruiksartikels, bybels, breekgoed, bydraes en nog vele meer. Dankie ook aan die jongmense uit ons gemeente wat tyd gemaak het vir die kamp en regtig hard gewerk het. Dankie vir julle inisiatief en die skoene van bereidwilligheid waarmee julle gekom het. Volgende jaar het ons asseblief 'n groter kosspan nodig - br. Adriaan en sr. Annalize Louw en ds. Coen Vrey het voorwaar hul kant gebring in die kombuis.

Hierdie jaar het ons die evangelisasie anders benader. Ons het verskeie bybelstudies en aksies gedoen rondom die **Woordlose Evangelie.** Hiermee kon die basiese van die Blye Boodskap oorgedra word en daar is gevind dat die kinders meer kon onthou van dit wat hulle geleer het. Ons bid ook dat die Here dié werk sal laat vrug dra, sodat Hy verheerlik kan word.

Hiermee ook 'n uitnodiging aan elke lidmaat om te kom deelneem aan 'n kosbaarheid in ons gemeente. Kom kyk gerus na die foto's wat ons wys in die konsistorie. Julle sal sien dat oud en jonk welkom is! Kontak gerus srs. Jana de Bruyn, Elré Gerber of Magda Groot indien jy betrokke wil raak.

Almal kan getuig dat die Here ons geseën, bewaar en gelei het. Dit is 'n groot voorreg om Sy Evangelie te kan verkondig!

4. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Nicolette Costerus**, Adriana Andersen, Antoinette Douglas, Annelise Fourie, Debbie Joubert, Elise Joubert, Marietjie Myburg, Nicolette van der Walt
Woensdag (Diakonie): Srs. **Willina Cilliers**, Hester Briel, Marie Mulder, Deléne Vrey
Volgende Sondag: *Geen tee/koffie*
Woensdag, 2 Mei (Breë Kerkraad): Srs. **Istelle Costerus**, Annamarie Bester, Marleen Curtis, Marie de Haan, Judy Venter

Die lys vir teeskinkbeurte vir die 2de kwartaal is per e-pos uitgestuur en ook op die aansteekbord aangebring. **Ons benodig nog susters om as sameroepers op te tree.** Dit behels bloot dat jy verantwoordelikheid neem vir 'n Sondag of vergadering, reël vir vars melk en almal herinner aan hulle beurt. Kontak asseblief vir sr. Willina Cilliers indien jy bereid is om so diensbaar te wees.

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Chrisjan Vrey, Dick van der Wilt, **Paul Swart**
Volgende week: Brs. Piet Reyneke, Willie Swanepoel, Lawrence Lombard, Marten Daling

Ouderlinge
Vandag: Brs. Harm du Plessis, Wilhelm Groenewald, Cassie Bester, Niël van Hoving
Volgende week: Brs. Jacobus Venter, Jakobus Wüst, Freddie Scheepers

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Gustaaf Costerus, Ruthven Janse van Rensburg
Volgende week: Brs. Daan Joubert, Reinard Visser

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

April: 23/04 Boston 2
Mei: 07/05 Bosbell & Hoheizen, 14/05 Kenridge, 28/05 Loevenstein
Junie: 18/06 Welgemoed (datum het verskuif)

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Kinderhuise in kerkverband	Diakonale Kas
By die deure:	Bolandse Bedieningsfonds	Teologiese Studentekas

VERGADERINGS

Borg 'n Bybel

Vanaand om 17h00 in die konsistorie

Diakonie

Woensdag om 19h00 in die konsistorie

VERKIESING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Lidmate word versoek om name van broeders in die gemeente wat kan dien in die amp van ouderling of diaken, aan die skriba, oudl. Jacobus Venter, te gee.

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Vandag	Sr. Geertje Groenewald
24/04	Karel van der Walt (15 jaar)
25/04	Sr. Debbie Joubert
26/04	Br. Herman Boneschans
27/04	Br. Piet Briel Sr. Lina Groenewald Br. Nico Prinsloo
28/04	Sr. Nicolette Costerus

Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af.
'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi. *Psalm 16:5-6*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za